Bib 34/86

LL

Saak No 80/1985

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen:

DESMOND PAIGE — Eerste Appellant

JOHN WILLIAMS — Tweede Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: RABIE HR, HOEXTER, BOTHA, VAN HEERDEN ARR *et* NESTADT WN AR

VERHOORDATUM: 20 MAART 1986

LEWERINGSDATUM: 26 MAART 1986

UITSPRAAK

/BOTHA AR ...

BOTHA AR:-

Hierdie appèl het betrekking op die vonnisse wat die twee appellante opgelê is deur WILLIAMSON R in die Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop, nadat hulle skuldig bevind is aan verkragting. Verlof om teen die vonnisse te appelleer is deur WILLIAMSON R ge= weier, maar is daarna aan die appellante toegestaan ten gevolge van 'n versoekskrif wat hulle aan die HOOFREGTER gerig het.

Die vonnisse waarom dit gaan, is soos volg:

| | |
|---|---|
| Eerste appellant: | 15 jaar gevangenisstraf en 7 houe lyfstraf met 'n rottang. |
| Tweede appellant: | 12 jaar gevangenisstraf en 7 houe lyfstraf met 'n rottang. |

Na die oordeel van hierdie Hof is elk van die vonnisse, vanweë die toevoeging van die lyfstraf tot die gevangenisstraf, opsigtelik buitensporig: dit is hedendaags ongehoord dat die oplegging van lyfstraf ge= koppel word aan 'n tydperk van gevangenisstraf wat so lank

/is ...

is as 15 of 12 jaar. Die rede daarvoor lê voor die hand: die toediening van lyfstraf gepaard met so 'n lang termyn gevangenisstraf dien geen aanvaarbare doel nie. In soverre dit beoog kon gewees het as blote vergelding, is dit nie 'n vorm van vergelding wat goed=gekeur kan word nie.

Die Verhoorregter het tydens vonnisoplegging gesê dat hy die huidige saak beskou as 'n gepaste een vir die oplegging van lyfstraf, maar het nie sy siens=wyse verder toegelig nie. Vermoedelik was dit ge=baseer op die verswarende omstandighede wat met die verkragting gepaard gegaan het. Dat daar erge ver=swarende omstandighede aanwesig was, is gewis: dit was 'n bende-verkragting waaraan ses jong mans deelgeneem het; daar was twee slagoffers, waarvan een 'n meisie van net 15 jaar oud was; die optrede van die misdadigers was gewelddadig en het die toediening van meswonde inge=sluit; en benewens die verkragting is die slagoffers ook

/onderwerp ...

onderwerp aan ander weersinwekkende vorms van onsede=like aanranding. Dit is onnodig om op die besonder=hede in te gaan. Dit is genoeg om te sê dat die ver=swarende omstandighede, hoe erg ook al, nogtans nie die toevoeging van lyfstraf tot die lang termyne van ge=vangenisstraf wat opgelê is, regverdig nie.

Uit die notule van die verrigtinge voor WILLIAMSON R, toe aansoek gedoen is om verlof om te appelleer, blyk die volgende. Die advokaat van die eerste appellant het, met verwysing na S v Tsoku 1976 (4) SA 6 (T), die submissie voorgedra dat lyfstraf nie met lang tronkstraf gekombineer behoort te word nie. Daarop het die Verhoorregter teenoor die advokaat die volgende opmerking gemaak:

> "Well, you may be interested in 1926 the Appellate Division confirmed a sentence of life imprisonment and 12 lashes on a man for rape."

Die geleerde Regter se opmerking was, met alle eerbied,

/misplaas ...

misplaas. Die saak wat hy waarskynlik in gedagte gehad het, is R v Laubscher 1926 AD 276. Uit die uitspraak van INNES HR in daardie saak blyk dit wel (op 279) dat die Regter van eerste instansie die von= nis opgelê het wat genoem word, maar terselfdertyd is dit duidelik dat die Appèlhof slegs te doen gehad het met 'n aansoek om verlof om te appelleer wat die skuldig= bevinding betref, en dat die behoorlikheid of onbehoor= likheid van die opgelegde vonnis hoegenaamd nie in oorweging geneem is nie. Dit is dus onjuis om te kenne te gee dat die Appèlhof die genoemde vonnis be= kragtig het. Afgesien daarvan, kan daar geen sin in wees om vandag die gepastheid van 'n besondere vorm van vonnis te bepaal deur te steun op 'n vonnis wat bykans 60 jaar gelede gevel is, sonder om die ontwikkeling in verband met straftoemeting wat sedertdien plaasgevind het, in oënskou te neem nie. Wat dit betref, kan daar geen twyfel bestaan nie dat in al die Afdelings

/van ...

van die Hooggeregshof dit al oor 'n tydperk van baie jare lank as aksiomaties aanvaar word, en tereg, dat dit ongewens is om lyfstraf te koppel aan 'n lang ter= myn van gevangenisstraf. Daar kan meningsverskille bestaan oor wat 'n "lang" termyn van gevangenisstraf in hierdie samehang behels, maar in die huidige saak is dit onnodig om daaroor te besin. Sekerlik is dit ondenkbaar dat 12 of 15 jaar gevangenisstraf nie as 'n lang tydperk van gevangenisstraf beskou word nie.

Gevolglik was die oplegging van lyfstraf in die geval van beide die appellante onbehoorlik, en moet daardie gedeeltes van hulle vonnisse tersyde ge= stel word.

Ten aansien van die tydperke van gevangenis= straf wat die appellante opgelê is, is daar - heeltemal tereg - namens albei van hulle in hierdie Hof toegegee dat daar geen rede bestaan om dit te verander nie.

/Die ...

Die appèl slaag in dié mate dat die lyf= straf wat elk van die appellante opgelê is, tersyde gestel word; die tydperke van gevangenisstraf wat elk van hulle opgelê is, bly van krag.

A.S. BOTHA AR

RABIE HR

HOEXTER AR

VAN HEERDEN AR

NESTADT WN AR

STEM SAAM